NG Kerk KraggaKamma

Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai

# Wat die hart van vol is loop die mond van oor.

(Ds. MG laat die kinders voor sit en hulle roep vir Wysmuis om uit te kom.)

Wysmuis: Hallo Maatjies! Dit is wonderlik om vandag by julle te kuier... En ook Hallo aan Dominee uhhhhhm (Wysmuis dink), dit is nie Dominee Toystory nie, nee dit is Domineee A B C D ooja Dominee MG.

(Ds. MG groet vir Wysmuis)

Wysmuis: Maatjies, weet julle wat, ek het 2 van my ander maatjies saamgebring. Sal julle my help om vir hulle te roep?

(Kinders antwoord)

Wysmuis: Kom maatjies, kom help vir my op vir GEEL en Stoffel te roep. Kom ons begin by Geel.

Een-twee-drie: GEEL....

Een- Twee- Drie: Stoffel....

(Wysmuis verdwyn agter skerms)

Stoffel Haaaaaaaaalooo Maaitjies....

Geel (opgewonde) Môre, Môre Môre....

Geel: Julle! Ek wil vir julle vertel wat hierdie week met ek en my ma gebeur het...

Wysmuis: (opgewonde) Vertel Vertel...

Stoffel: Ja ek wil ook baie graag hoor

Geel: Woensdag na skool, toe gaan ek en my Ma na Sunridge Spar toe, want die melk was al weer op gewees.. En toe ons by die Spar se “till” staan, toe is daar ‘n Oom voor ons wat baie kwaad was...

Wysmuis: En wat gebeur toe?

Geel: Die oom was kwaad oor die pryse van die goed wat die reg was nie en toe VLOEK die oom baie lelik.

Wysmuis: Snak na asem (baie verbaas)

Stoffel: Wat het die oom gesê?

Geel: Nee ek kan nie dit in die kerk herhaal nie, dit was baie lelik

Wysmuis: En wat gebeur toe?

Geel: Mamma het niks gedoen of gesê nie, maar later toe ons in die motor was, het sy vir my gesê mens moenie so lelik praat nie.

Stoffel: My Ma sê dit ook altyd. Sy sê vir my dat mense wat lelik praat het Onkruid in hulle taal tuin...

Wysmuis Dit is baie mooi gesê Stoffel... Julle weet maatjies. Die Bybel sê vir ons in Lukas 6:45 dat *wat die Hart van Vol is, loop die mond van oor*.... Jesus wil graag hê dat wat ook al vanuit ons binneste af kom, moet mooi wees. So ons moet mooi woorde gebruik

Stoffel Ek dog wat die hart van vol is, loop die mond van oor is net 'n mooi Quote?

Wysmuis Nee NEE Stoffel! Dit staan in die Bybel.... Dit wat uit ons mond kom, wys wat binne ons aan die gang is....

Geel: Ja, JA,! Ek stem saam Wysmuis. As ons mooi woorde gebruik, maak ons die wêreld vir mekaar mooier

Wysmuis: Definitief... So ek wil elkeen van julle maatjies (en die ooms en tannies) aanmoedig om mooi woorde te gebruik. En vandag gaan julle by Kleuterkerk verder gesels oor dit wat ons met ons mondjie bely en met ons hartjie glo........ Maar Maatjies, ons gaan nou eers vir julle groet. Ek hoop julle het 'n pragtige Sondag...

Geel: Ja, maats- Baai!

Stoffel: Koebaai!